Hartklop

Sondag 9 Maart 2025

Ds Anton Duvenhage

Ter voorbereiding vir vanoggend se erediens lees ek Prof Stephan Joubert se plasing op e-kerk se webblad, waar hy die vraag vra, ''Hoekom laat God ***goeie*** dinge toe?''

In sy plasing skryf hy die volgende: *Hoekom laat God slegte dinge toe? Hoekom keer Hy nie kanker, oorlog en misdaad nie? Wanneer sulke vrae opduik, is baie mense op die agtervoet. Ons hoef egter nie omkant betrap te wees nie. So by so is ons nie aangestel as God se regspan, wat Hom gedurig moet verdedig nie, maar dit beteken nie ons hoef stil te bly nie. Ekself kies om hierdie vraag om te draai wanneer ek aanhoor God is liefdeloos, omdat bose dinge gebeur. Dan vra ek op my beurt: ''Hoekom laat God dan* ***goeie*** *dinge toe?'' Of is goeie dinge ons eie skuld, maar slegte dinge God se skuld?*

Die Bybel skram nooit weg van die feit dat die lewe hard en onregverdig is nie. Prediker 9 sê juis dieselfde lot tref alle mense, goeies en slegtes. Maar die Bybel skram ook nie weg van die feit dat God ons nie as menslike robotte geskep het nie. Hy het ons nie lewenslank vooruit geprogrammeer om ''happily ever after'' te leef, soos besluitelose bliksoldaatjies nie.

God gee aan ons almal die vryheid tot keuse. Dit is presies hier waar die moeilikheid inkom: Mense kies teen God en teen Sy wil. Sulke slegte keuses het slegte gevolge. Dit lei tot booshede, soos oorlog, moord en diefstal, soos wat Jakobus 4 padlangs skryf. Nogtans leer Jakobus 1 vir ons dat alle goeie gawes van God afkomstig is. Kortom, God doen goed, want Hy is goed. Om dit te weet, is om te leef uit Sy goedheid. Dit doen ons in goeie en in swaar tye."

Gemeente, het u al ooit gewonder waarom slegte dinge met goeie Christen mense gebeur?
Het hierdie worsteling dalk u siening oor God beïnvloed?
Hoe dink u voel God oor die slegte dinge wat met sy kinders gebeur?

Kom ons dink Sondag bietjie saam oor hierdie belangrike vra na.

Anton



Simboliek van die Kapel

1. Die ARK – Die geboutjie is eers as jeuglokaal ingerig en die ARC genoem (All related to Christ). In Gen. 9:8-11 was die ark die eerste simbool wat God gekies het om Sy genade te simboliseer. Toe Sy oordeel oor die wêreld gespoel en alles vernietig het, het die Ark gedien as 'n teken van hoop. Daarom is die kapel hier op die hoogtetjie 'n simbool dat God in storms uitkoms bied. Ons rig dit nou in as 'n plek van aanbidding.

2. Riete, bruin mat en kruike binne – Israel is verlos uit Egipte waar Moses tussen die riete weggesteek is. God het hulle deur die woestyn gelei (bruin mat) tot by die fonteine waar Hy hulle versorg het (kruike voor), by waters waar daar rus is.

3. Kruis buite voor die muur. Ef.2:11-18 Die sonde het 'n muur van skeiding gebring tussen mense onderling en tussen ons en God. Ons kon nie tot mekaar en tot Hom nader nie, ons sonde is te groot. Daarom het Christus gekom om die muur van skeiding af te breek om ons met God te versoen. Die houtmuur as boog sluit ons nou in en nooi mense binne om te aanbid en om by God tot rus te kom. Die kruis aan die binnekant van die muur herinner ons dat Hy na ons gekom het sodat ons met God en mekaar kan versoen.

4. Ek kyk op na die berge. Ps 121 Berge was vir Israel 'n bedreiging en 'n simbool van onoorbrugbare skeiding. In Christus het ons toegang tot die berge en is dit nie meer vir ons 'n bedreiging nie. Daarom is die venster oopgebreek in die muur sodat ons die berg kan sien. Oor die kruis en muur van skeiding kyk ons op na die berge en aanbid God sonder vrees. Die berg is vir ons 'n simbool van God se sorg.

5. Klippe was 'n teken van veroordeling. Joh.8:1-11 Mense met oortredings is vroeër met klippe doodgegooi. Dit was 'n teken van oordeel. Die Fariseërs sê in :5 "Moses het ons in die wet beveel om sulke vroue te stenig, maar u, wat sê u?" Jesus het by die vrou kom staan en haar vrygespreek. "Ek oordeel jou nie! Sal die een wat sonder sonde is die eerste klip na haar gooi?" Die ronde klippe is nou vir ons 'n teken van vergifnis i.p.v. oordeel.

6. Oop plafon – Die teoloog, JJ Knap skryf: "Die skeiding wat die sonde tussen hemel en aarde gemaak het, is deur Christus oorbrug. Bo die Olyfberg span geen geslote hemel meer nie, maar 'n geopende hemel, waar Jesus 'n onvernietigbare ligspoor van 'n aarde vol vloek na 'n hemel vol stralende heerlikheid trek."

Tussen God en ons was daar 'n plafon van skeiding wat kontak verbreek het. Dit voel soms of ons teen die plafon vas bid. Die plafon is nou uitgehaal. Nou dien die ruimte as 'n simbool dat die skeiding in Christus verwyder is. Ons mag bid met die vertroue dat die Heilige Gees ons versugtinge voor die Vader lê.

7. Eenvoud van die geboutjie - Die tempel was altyd 'n groot gebou wat 'n simbool was van God se teenwoordigheid. Na Christus se koms en uitstorting van die HG het Hy gesê: "Julle is die tempel van God. Ek woon nie meer in tempels deur mense gebou nie, maar in die harte van gelowiges." Die eenvoudige geboutjie herinner ons dat óns nou Sy kerk is, dat die HG in ons woon en dat ons Sy liggaam is. Mag hierdie klein kapel 'n plek van rus en verwondering wees. Mag ons hier stil word en nadink oor die groot dade van God. Mag Hy ons koester in Sy liefde en ons bring by waters waar daar vrede is…

Mag die ruimte vir almal wat dit gebruik tot seën wees…

Kom ons bid saam

Ons dra die volgende persone aan die Here op: Berenice Auret, Niel le Roux, Lisa Kriel, George Muntingh, Aubrie Bronkhorst, Johan Lodewyks, Adri v d Bank, Riaan Brink, Koos en Bets Ellis, (Elmarie Hooneberg se ouers), Marius Kilian, Rassie en Ina Erasmus, Joan Roux, Deon en Amanda Smit, Susan van Rhyn, Ina Bezuidenhout, Klokkies Schoeman, Komien von Brandes en Ernst Kretchmer. Ons dank die Here dat ds. Coenie weer tuis is na 'n mediese prosedure. Ons bid vir sy volkome herstel.

Opregte dankie aan almal wat die Here gehoorsaam en getrou hulle dankoffers gee. Ons bid ook vir die basaarvoorbereidings. Baie dankie vir almal wat met insame-lings en voorbereidings vir die basaar besig is. Ons bid dat hierdie basaar weer 'n geleentheid sal wees waar ons as gemeente mekaar se hande vat en as God se span lekker en met vreugde saamwerk.

Ons bid ook die Here se troos en liefde vir die familie en dogter van André Alberts nadat hy Donderdagoggend oorlede is. Hy het die afgelope jare ons gemeente se webblad en verskeie videos gemaak.

Michiel (namens die leraars)

Vanuit die kantoor

Kontakbesonderhede

Kerkkantoor
028 316 2116
info@ngkonrusrivier.co.za

Dr Coenie Calitz
084 567 0410
coenie@ngkonrusrivier.co.za

Ds Anton Duvenhage
072 477 3185
anton@ngkonrusrivier.co.za

Ds Michiel de Kock
083 468 8194
mdekock@ngkonrusrivier.co.za

Dr Wilhelm Burger
083 448 1651
wb@ngkonrusrivier.co.za

Piet Vorster
Voorsitter Kerkraad
083 399 0557
voorsitter@ngkonrusrivier.co.za

Deon vd Kooi (koster)
072 273 1494 / 028 316 2116

Sr Ronel Calitz (versorgers)
073 152 5623

HOOGTEPUNTE

21 Mrt:	Kuieraand / Countryaand
22 Mrt:	Basaar
04-06 Apr:	#imagine
14-16 Apr:	Stasies van die kruis
18 Apr:	Goeie Vrydag eredienste
20 Apr:	Opstandingsdiens

NG Kerk
Onrusrivier
Rekening nr:
406 215 2718
Tjek rekening

Snap here to give

SnapScan

Kerkkantoor ure:
Maandag tot Vrydag
08:00 - 13:00

Dienssentrum
Ma - gesluit
Dins - Vry
08:00 tot 13:00

Elke Woensdag open die kantoor eers om 09:00 agv personeel-biduur

Halftime

Daar is komende Woensdag, 12de Maart 'n samekoms in die Sysaal om 18:00.

Sien julle daar!

Countryaand Vrydag 21 Maart

Stof af julle dansskoene, pak die piekniekmandjies en kom kuier saam in die groot tent. Servaas en kie. gaan weer lekker musiek maak!!

Daar is geen kaartjie verkope nie, hierdie is 'n bring-en-braai. Daar gaan vure aangesteek word, daar gaan hulp wees met die braai-werk en verder net lekker saamgekuier word. Tafels, stoele en vuur word voorsien.

Countryaand!

Baie welkom aan Riaan en Sanya Van den Heever en hulle twee dogters, Alenke (14) en Leanke (5). Hulle woon sedert 2021 in Voëlklip en het verlede maand besluit om by ons gemeente in te skakel omdat hulle kinders graag aan die jeugbediening wil deelneem. Voorheen was hulle lidmate van die Magalieskruin-gemeente in Pretoria. Riaan het jare lank as dieselwerktuigkundige gewerk voordat hy ingestem het om saam met Sanya in hulle besigheid te werk.

As egpaar bestuur hulle gesamentlik die Smartschool Academy in Hermanus, wat deel uitmaak van 'n landswye konsessiebesigheid (franchise). Die fasiliteit is sentraal geleë in die dorpsentrum, net 'n kort stap van die skole af. Dit bied dienste aan kinders van laerskool en hoërskool, insluitend hulp met tuisonderwys in die oggende, addisionele lesse, sowel as ondersteuning en toesig vir naskoolse leerlinge met hulle huiswerk.

Sanya sê dat daar kinders is van verskeie gelowe en kulture, maar dat sy nie 'n geleentheid laat verbygaan om Jesus te verkondig in die alledaagse gebeure en situasies nie. Hulle entoesiasme waarmee hulle praat oor die werk, oortuig mens dat hulle 'n roeping het en dat hulle moeiteloos blom waar hulle geplant is. Ons sien uit na julle betrokkenheid en diensbaarheid in ons gemeente, met die besef dat julle alreeds, in diens van die Here, ons gemeenskap dien.

Basaar 22 Maart 2025

Sameroepers

Organiseerder:

Adri van der Bank 083 653 2173

Boeke	Sandra Nel 076 749 6386
Boepensbroodjies	Mossie Mostert 072 232 6450
Boereworsrolle/Sosaties	Louise Woensdregt 082 344 7796
Groente	Saar Joubert 083 459 7507
Kerrie & Rys	Gerda Geyser 084 380 7982
Kinderaktiwiteite	Sandra Heyns 0083 458 5597
Kleinkoekies	Alta Thorpe 083 302 4195
Koffie & Tee	Tessa Geldenhuys 083 390 3753
Pannekoek	Magda Marais 079 802 4234
Plante	Reinhardt Singleton 082 859 0997
Poedingtafel	Sandra Lotz 083 284 6663
Potjiekos	Tutu Jansen v Rensburg 082 872 3414
Schwarmas	Johann Sprong 072 599 1444
Tuisgebak	Ria Briërs 060 369 5787
Tuisteskepping	Brenda Strauss 083 3900 838
Vleis	Willie Moolman 083 448 0822 Piet Vorster 081 399 0557
Vure / Braai	Rudolf Geldenhuys 072 897 7301
Witolifanttafel	Gezina Franken 081 0434 423
Wyn- / koeldrank	Jacomien de Wet 084 467 4448



Willie
083 448 0822
Piet
081 399 0557

Nog net 10 dae oor vir bestellings. Moenie laat slaap nie!

Kom haal leë roomysbakke by die kerkkantoor, maak vir ons poeding en bring dit die dag voor die basaar na die kantoor (ons bêre dit in die yskas). Dankie!



Soet of sout …. Kontak asb vir Ria Briërs indien jy vir die basaar wil bak asb. Nommer langsaan.

Baie dankie aan elke wyksleier en kollektant wat soveel moeite gedoen het met die vooraf insameling van fondse en produkte. Ons sou dit nie sonder julle kon baasraak nie!

Indien enigiemand nog produkte vir die koeke of pannekoeke by die kantoor wil aflaai, is julle welkom!